Prof Chris van Wyk: Huldeblyk

12/3/1943 – 7/8/2017

Prepared by: Joey Gouws

Prof Chris – soos ons hom genoem het, met twee belangrike datums in sy lewe:

12 Maart 1943 en 7 Augustus 2017.

12 Maart 1943 – die geboortedag van onse Prof Chris

7 Augustus 2017 – Prof Chris se "totsiens-sê-dag.."

En dan was daar die tussen-in dae.....toe ons hom leer ken het. Wanneer ons so terug dink aan daardie tussen-in dae, kan ons net saam met Johnny Clegg sing:

"Where has gone the time? – Where has gone my life"

My gedagtes vat my terug na my eie studente dae by die PUK en by Pharmaseutika, en ek onthou vir Prof Chris as 'n besonderse onderwyser, as 'n lektor en leermeester met 'n diep verstaan van medisyne en steriele vervaardiging, maar ook 'n ongelooflike insig in die aard van 'n student!! Het ons hom dan nie almal geken as *Prof Pirogeen* nie?

Na my studente dae loop ek vir Prof Chris, so ver terug as 1985, raak in die medisyne regulatoriese wêreld, van die Medisyne Beheerraad (MCC) – in sy rol as 'n Raadslid en kenner in die Farmaseutika & Analitika van medisyne. Prof Chris was tuis in hierdie wêreld en tussen medisyne!

Ons leer hom hier in die by regulatories wêreld ken vir sy geweldige verantwoordelikheids sin, sy logiese redenasies, sy gedetermineerdheid en sy realistiese en praktiese benadering ten opsigte van die dag tot dag vrae rondom medisyne vervaardiging. Ons leer ken sy energie vriendelikheid en liefdevolheid.

Hy floreer op interaksie en hy deel sy kennis en sy omgee – en so, met die mandaat van die MCC as medisyne reguleerder, wat as "waghond" toesien dat kwaliteit medisyne aan die publiek, buurstate en Afrika beskikbaar is, dra Prof Chris die belange en gesondheid van ons land en sy mense op sy hart.

Soos die nuus van Prof Chris se afsterwe versprei het, het boodskappies en huldeblyke ingestroom – ek deel graag 'n paar van hierdie boodskappe.

Professor Helen Rees – Voorsitter van die Medisyne Beheerraad: "*He has made an enormous contribution over the years.*"

Professor Thiru Govender – Kommitteelid van die Raad: "*This is a devastating loss for his family and our country. I learnt so much from him and he was a great inspiration to me, both as a scientist, and a human being.*"

Professor James Syce – Kommitteelid van die Raad: "*We have lost a dedicated, always helpful, real expert in his field – earlier in pharmacy education and later in medicine regulation and control, as well as a most sincere, always thoughtful, jovial friend. He will be sorely missed.*"

Professor Vikash Sewram – Kommitteelid van die Raad: "*This has come as such a shock. Indeed, he has always done all he could to give the MCC the best he had to offer. He was a true soldier of the regulator and a good friend indeed.*"

Professor Johan Schlebusch – Eerstydse Registrateur van Medisyne: "*Hy was 'n staatmaker vir die MCC oor baie jare, ook in die tyd wat ek Registrateur van Medisyne was. Mentor en vriend. Ek treur vandag saam met julle.*"

Ms. Precious Matsoso – Direkteur-Generaal van Gesondheid: "*This is sad news indeed. My deepest condolences.*"

Laastens, is dit met sagte herinneringe aan ons geliefde Prof Chris dat ons as kollegas van die MCC saam met sy familie en vriende met seer harte afskeid neem van 'n formidabele man.

Geen woorde kan ons uiterse dankbaarheid verwoord vir die menigte ure wat Professor Chris spandeer het aan medisyne

evaluasies, voorbereidings vir vergaderings van die Raad, die bywoon van vergaderings en die reis na en van vergaderings in Pretoria asook sy internasionale reise om medisyne vervaardigers te inspekteur nie. Selfs in latere tye wanneer sy gesondheid nie na wense was nie, het dit hom nie gestuit nie, het dit nie sy betrokkenheid en insette gestuit nie en het dit nie sy vonkelende menswees gestuit nie.

Die waarde van die kennis wat hy sonder voorwaardes gedeel het, met soveel geduld en passie vir sy lewenswerk, kan nie gemeet word nie. Die afknyp van 'n persoonlike minuut of twee om te gesels tydens 'n teetyd was nooit te veel gevra nie.

Prof Chris het graag met deernis, liefde en trots van sy gesin gepraat, en was vir baie van ons ook 'n vader figuur na wie ons met respek opgekyk het.

Ons sal sy pittige kwinkslae, wat situasies altyd verlig het, vreeslik mis. Geeneen sal sy plek in ons harte of sy stoel in 'n vergadering kan vul nie.

Ons bid sy gesin in hierdie moeilike tyd vertroosting toe. Weet dat u 'n lewe gedeel het met 'n persoon wat diep spore en betekenis ook in ander se lewens gelaat het en diep spore gelaat het in die wêreld van medisyne in Suid-Afrika en Internasionaal.

Mag hy sag rus by ons Hemelse Vader.